MONTAGU
LAERSKOOL • PRIMARY SCHOOL
LANGSTRAAT. MONTAGU. 6720 • POSBUS / P.O. BOX 10. MONTAGU. 6720
Tel: 023 614 1640 · Epos/ Email: montagu.prim@wcgschools.gov.za

18 April 2024

Geagte Ouers

OB: 13 Goedkoop selfoon-data

By verlede jaar se Algemene ouer- en begrotingsvergadering het ons vir julle vertel van die Sim-kaart fondsinsamelingsprojek wat ons hierdie jaar gaan loods om langtermyn passiewe fondsinsameling vir ons skool te genereer. FEDSAS, die nasionale federasie van beheerliggame waaraan ons beheerliggaam behoort, is agter die loods van hierdie projek omdat hulle besef dat ouers en skole slim moet dink om fondse te skep uit alledaagse aankope.

Ons is nou opgewonde om die projek te loods en vra almal se ondersteuning om van dit 'n sukses te maak!

- Die sim-kaarte is vanaf MegsApp, 'n nuwe aanlyn ICASA geregistreerde diensverskaffer wat landwyd bandwydte gebruik op MTN se netwerk.
- **Ons verkoop sim-kaarte aan die gemeenskap by die skool.** Die koste beloop R10 per kaart met 'n pakket van data en lugtyd by.
- Kaarte word vir nuwe *pay-as-you-go* gebruik of bestaande *pay-as-you-go* nommers kan gratis *port* van hulle huidige verskaffer na MegsApp.
- Ideaal as 'n tweede sim-kaart in "Dual Sim" fone.
- Elke keer as die verbruiker data/lugtyd aankoop verdien die skool 'n porsie van die inkomste vir so lank as wat die verbruiker aktief is op MegsApp - vir ewig!
- Verbruikers kan lugtyd en data aanlyn koop of by gewone winkels (Spar, Shoprite, PEP en vele ander).
- Data en lugtyd is baie goedkoop in vergelyking met ander netwerke en daar is data pakkette wat nie verval nie. Voorbeelde van pakkette agter op.

FEDSAS en sim4schools skop die MegsApp projek af met 'n opwindende kompetisie waaraan die Monties kan deelneem. Indien ons 'n minimum van 260 sim-kaarte verkoop, aktiveer tussen nou en einde Oktober 2024 kom ons in aanmerking om tot R40 000 vir ons skool te kan wen. Daar is ook bonusse indien ons teikens behaal wat maak dat ons R10 000 kommissie in Oktober kan verdien.

- Elke leerder mik om 1 sim-kaart te verkoop en laat aktiveer
- Verbruikers laai 'n minimum van R150 data op die kaart per maand.
- Leerder pryse elke maand en aan die einde van die derde kwartaal.

Kaarte is by Me Thamlynne Nel te koop en sy kan ook vir u help met die "port" en RICA proses.

Redes om 'n MegsApp Sim-kaart te gebruik

- Spaar geld – data pakkette is van die goedkoopste in die mark
- Ideaal as 'n tweede sim-kaart in "**Dual Sim**" fone.
- Data verval nie
- Betroubaar – loop op die MTN Netwerk
- Maklik om ou pay-as-you go nommer te port

- RICA nuwe nommers vinnig op die app of by die skool
- Data op app te koop of by enige groot winkel (Shoprite, Spar, PEP)
- Ondersteun Laerskool Montagu sonder om enige ekstra bydrae te maak!

Vriendelike groete

Jan Krüger

Skoolhoof

Voorbeeld van huidige MegsApp pakkette: